T.E. van Spanje

# INCONSISTENCY IN PAUL. A CRITIQUE OF THE WORK OF HEIKKI RÄISÄNEN

WUNT 2.110. 1999. Tübingen: Mohr Siebeck. 281 pp. DM 98.00.

Van Spanje het in 1996 gepromoveer met 'n proefskrif getiteld *Inconsistenie bij Paulus? Een confrontation met het werk van Heikki Räisänen*. Dit is aanvanklik in Nederlands gepubliseer. Vir die Engelse weergawe is die belangrikste nuwe publikasies bygewerk. Soos die titel aandui, is die boek in wese 'n reaksie op die werk van Räisänen — spesifiek Räisänen se idee dat Paulus inkonsekwent is ten opsigte van dit wat hy oor die Torah en oor Israel in sy briewe skryf. Die boek bestaan uit twee afdelings. In afdeling A (Analytical description) word Räisänen se siening oor hierdie twee sake volledig bespreek. Van Spanje begin met 'n beskrywing van die inkonsekwenthede wat 'n mens ten opsigte van die wet by Paulus kan aandui. Daarna volg 'n uiteensetting van Räisänen se teologiese verklaring van die inkonsekwenthede. Die volgende hoofstuk fokus op die antitese tussen werke en geloof by Paulus en die nuwe perspektief op Judaïsme. Dit word gevolg deur 'n hoofstuk waarin Van Spanje se historiese hipotese bespreek word. Hoofstuk 6 word gewy aan die inkonsekwenthede wat ten opsigte van Paulus se perspektief op Israel aangedui kan word met 'n volgende hoofstuk oor die manier waarop Räisänen hierdie inkonsekwenthede verklaar. 'n Laaste hoofstuk in Afdeling A word gewy aan die implikasies van Räisänen se interpretasie van Paulus se teologie. Van Spanje vat Räisänen se siening saam onder die volgende standpunte: 1. Paulus se teologie is inkonsekwent; 2. Van al die Nuwe-Testamentiese teoloë is Paulus die mees inkonsekwente; 3. Paulus se teologie vertoon geen kontinuïteit met die Ou Testament of Judaïsme nie; 4. Paulus het verkeerdelik 'n breuk tussen die Judaïsme en die Christendom voorgestaan; 5. Teoloë behoort afstand te doen van die Lutheraanse interpretasie van Paulus.

In Afdeling B (Critical Review) bespreek Van Spanje Räisänen se standpunt krities. Hy klassifiseer die inkonsekwenthede wat Räisänen in Paulus se siening ten opsigte van die wet en Israel aandui, in drie kategorieë, naamlik dié wat Räisänen verkeerdelik tot die gevolgtrekking lei dat Paulus se denke inkonsekwent is; dié wat net op die oog af inkonsekwent is; en inkonsekwenthede wat óf verkeerdelik beskou word as inkonsekwenthede óf net op die oog af inkonsekwent is. Elkeen van hierdie drie groepe verbind Van Spanje dan aan 'n bepaalde perspektief op Paulus, naamlik Paulus as

pastor, redenaar en teoloog onderskeidelik. In die geval van die eerste groep bespreek hy dele soos 1 Tessalonisense 2:14-16 en Romeine 11:11-14 en toon aan dat Paulus se denke nie werklik as inkonsekwent beskou kan word nie aangesien dit Paulus se optrede as pastor verteenwoordig waar hy onderskeidelik die Tessalonisense probeer aanmoedig en die Romeine tot eenheid in eie geledere maan. In die geval van die tweede groep bespreek Van Spanje dele soos Galasiërs 3:1-14 en 3:15-20 en toon aan dat Räisänen nie rekening hou met Paulus se retoriese strategie nie. In die geval van die derde groep bespreek Van Spanje dele soos Romeine 2 en 7:1-6 en voer aan dat Paulus nie inkonsekwent is soos wat Räisänen beweer nie.

Myns insiens in Van Spanje se werk 'n baie belangrike toevoeging tot die navorsing oor Paulus se siening van die wet en Israel. So ver ek weet, is Van Spanje se werk die eerste volledige bespreking van Räisänen se perspektief in hierdie verband. Nuwe-Testamentici is deeglik bewus van Räisänen se werk en verwys gereeld daarna, maar Van Spanje se studie is die eerste volledige en sistematiese studie daarvan. Sy studie spreek van deeglike kennis van sowel Räisänen as ander Nuwe-Testamentici se beskouinge. Die belangrikste bydrae wat Van Spanje lewer, is dat hy op 'n sistematiese, goedverantwoorde manier ernstige leemtes in Räisänen se perspektief uitwys. Verder bied hy myns insiens 'n baie aanvaarbare verklaring vir die sogenaamde inkonsekwenthede in Paulus se siening. Geen studie van Paulus se siening oor die wet en Israel sal in die toekoms Van Spanje se bydrae kan ignoreer nie.

Prof. D. F. Tolmie.

L. Thurén

## DERHETORIZING PAUL. A DYNAMIC PERSPECTIVE ON PAULINE THEOLOGY AND THE LAW

WUNT 124. 2000. Tübingen: Mohr Siebeck. 213 pp.
DM 138.00.

Derhetorizing Paul is 'n baie interessante en insiggewende boek. Thurén se vertrekpunt is dat 'n mens nie kan probeer om Paulus se teologie uit sy briewe te rekonstrueer nie sonder om deeglike rekening te hou met die feit dat die briewe geleentheidsgeskrifte is wat binne 'n spesifieke retoriese konteks ontstaan het en dus almal sterk retoriese kenmerke vertoon. Om Paulus se teologie te verstaan, moet teoloë nie net bewus wees van hierdie